GROEIGROEP MATERIAAL

KERK-IN-SUID

PO10SIAAL

‘n Saak groter as jouself…

Inleiding

Ons begin 'n nuwe reeks hierdie kwartaal wat ons noem '**po10siaal**'. Die doel van die reeks is om oor die potensiaal van elkeen van ons se lewe te praat asook die potensiaal van ons gemeente. God gee vir ons potensiaal en dikwels gee ons hierdie potensiaal weg. Ons nooi jou uit om hierdie kwartaal saam met ons op reis te gaan sodat ons die volle potensiaal van God in ons lewe kan ontdek.

Gesprek losmaker

Het iemand al vir jou gesê jy is besig om lugkastele te bou OF het jy dit dalk al vir iemand gesê. Wat het jy daardeur bedoel?

Soms is dit net lekker om oor iets te droom al weet ons dit kan nooit werklik wees nie maar dink gou vir 'n oomblik hieroor: **Sandkastele of lugkastele? Watter een kies jy?**

Oor Sondag se preek

Sondag het ons gesels oor hoe maklik ons besig is om sandkastele te bou wat nie die toets van tyd kan deurstaan nie. Een van die beste voorbeelde hiervan kan ons sien in die lewe van Saggeus. Hy was 'n tollenaar wat besig was om homself te verryk op elke moontlike manier wat hy kon. Hierdeur wou hy vir die Keiser wys watse goeie tollenaar hy is en ook vir die mense om hom hoe suksesvol hy kan wees. Tog was Saggeus nie gelukkig nie. Hy het egter net vyande gemaak en homself eintlik op 'n eiland bevind. Wat het dit hom gehelp op ryk te wees en as hy terug kyk op sy lewe sien hy net sy eie voetspore op die pad wat hy geloop het. Toe Jesus sy pad kruis was Jesus se woorde eenvoudig maar spesifiek: Saggeus klim af vanuit die boom, ek wil vandag by jou huis tuisgaan. (lukas 19). **Het ek en jy dalk eers nodig dat ons moet afklim voordag God by ons huis kan tuisgaan?**

In 'n materialistiese wêreld klim ons nie maklik af nie. Iemand het eendag materialisme vergelyk met hoe ons 'n toringtjie gebou het in die swembad. Daar kan net een persoon heel bo die toringtjie staan. Vir hom/haar om dit te kon doen moes ander die fondasie vorm vir die toring. Bo die mense moes nog mense staan en bo dit nog. Daarna klim die een tot heel bo en vier die sukses wat hy/sy bereik het. Oomblikke later val die toring in mekaar en dikwels is daar iemand wat seergekry het en die prys betaal vir die ander se kortstondige sukses.

Hoe dink julle oor materialisme (goed of sleg) vandag? Hoe kan materialisme vandag eerder gebruik word om 'n werklike impak in ons wêreld te maak?

Skriflesing

- Lees Matteus 7:24-29

Wat leer ons alles uit die gedeelte?

- Lees Jakobus 1:10

Wat leer ons alles uit hierdie gedeelte?

Slot

Ek was nou die dag so onsteld toe ek lees in die koerante hoeveel miljoene rande CEO's van groot maatskappy per jaar verdien. Is een mens regtig soveel miljoene werd? Ek wonder toe hoeveel is ontsteld oor hoeveel ek verdien?

Gebed

Here maak my nedrig en help my om met U wysheid te leef